



MET LIEFDE GROET ONS

Armand "Bella" Carstens

05 JANUARIE 2001 - 16 OKTOBER 2020

Seremonie:

- OPENING MET GEBED
- LEES VAN TEKS
- KORT LERING TOT BEMOEDIGING
- SEREMONIE OM ARMAND SE SIEL TOT
RUS TE LÊ
- AFSLUITING
- SAMEKOMS MET FAMILIE OM ARMAND
SE LEWE TE ONTHOU EN TE VIER

DIENS DEUR FLIP KUHN





MY SIEL IS UITGERUK. BOLLA MY SEUN JOU DADDA WAS SO
ONGELOOFLIK TROTS OP JOU, SO SO ONEIDIG LIEF VIR JOU. MY PEL,
MY YSTER, MY " COOL DUDE" SOENE, SOENE

EK SALVEER JOU, JOU INSPIRASIE, MENSWEES EN OMGEE VIR ANDER
WAS SO AANSTEEKLIK, GAAN DOEN VOORT IN DIE HEMEL.

LIEF JOU EN NAG OU GROTE - PAPPAA



BOLLIE-KIND, MAMMA VERLANG BAIE NA JOU. WOU JOU NET NOG EEN KEER STYF VASHOU MY SKAT. MAAR EK WEET JY IS NOU BY JESUS MY SONSKYN KIND. JY HET ELKE DAG SO VOLUIT GELEWE EN EK HET BAIE BY JOU GELEER SEUN. JY HET SO PRAGTIGE HART GEHAD EN KON SO LEKKER LAG. JY WAS VAN KLEINS AF JOU DADDA SE SKADUWEE. JY HET GEWEET ONS IS BAIE LIEF VIR JOU, MAAR AS JY ONS AANDAG WOU HÉ HET JY DIT GEVAT. JY HET MY SO SPESIAAL LAAT VOEL AS JY SÊ MAMMA RY GOU ALLEEN SAAM MET MY EN DAN HET ONS OF DIT NOU WINTER OF REEN OF WARM IS, GAAN MC FLURRIES EET. DIT WAS JOU TREAT VIR MY EN MY VIR JOU WAS 'N STRAWBERRY CRUSHER.

ONTHOU JY HOE EK IN DIE OGGEND OP PAD SKOOLTOE VIR JOU MOES BID, OF JY VROEG OF LAAT WAS HET JY NIE UIT DIE KAR GEKLIM VOOR EK NIE KLAAR GEBID HET NIE. TOT IN JOU MATRIEK JAAR HET ONS DIT STEEDS GEDOEN. BAIE KEER HET JY GESÊ: MAMMA EK BID VANDAG, EK SAL MY OË TOEMAAK HOU ASB JOUNE OP DIE PAD. IN DIE AAND MOES ONS BAIE KEER SPESIAAL VIR N MAAITJIE BID WAT SEER IS. ONS MOES BID VIR IEMAND WAT TE NA GEKOM IS. SO WAS JY MY GEREELDE BID MAAITJIE. JY LAAT 'N GAT IN MY HART, MAAR EK LAAT JOU IN VREDE GAAN! - MAMMA



BOL, JY WAS EN SAL ALTYD ONS SONSTRAAL IN DIE CARSTENS-GESIN WEES.
JOU SMILE EN LEKKER SAGTE STYWE DRUKKIES AS JY MY GROET, GAAN EK VREESLIK MIS.
JY WAS VIR SUSSA DAAR IN DIE MOEILIKSTE TYE EN MY ALTYD SO MOOI BESKERM.
JY'T ALTYD TYD GEMAAK OM MY TE HELP, MET SOVEEL LIEFDE.

VERLEDE SATERDAG TOE JY EN BOETA MY BY DIE WERK KOM HAAL, WAS SO SPESIAAL, VERAL TOE JY
VIR ONS SÊ... WANNEER LAAS WAS DIT NET ONS 3!! ONS HET HEERLIK GEKUIER EN GELAG EN
SING. EK GAAN DAARDIE DAG KOESTER EN NOOIT VERGEET.

DANKIE DAT JY ALTYD MY BOLLIE KON WEES.

EK IS BITTER BAIE LIEF VIR JOU, SUS



BOLLA.... BOETA LÊ VANNAAND EN SUKKEL OM DIE REGTE WOORDE TE KRY. JY WAS MY KLEIN BOETIE EN MY BESTE VRIEND. JY WAS 'N JONG MAN WAT ALTYD ONTHOU SAL WORD VIR JOU SAGTE HART EN GROOT GLIMLAG. BOETA SE HART IS BAIE SEER EN EK WENS EK KON JOU NOG NET EEN MAAL DRUK EN VIR JOU SÊ BOETA GAAN JOU BAIE MIS EN EK IS BAIE BAIE LIEF VIR JOU.

MY GEDAGTES HOL ROND EN ALHOEWEL JY AL 'N GROOT JONG MAN WAS, SAL EK ALTYD DIE KLEIN SEUNTJIE ONTHOU MET DIE GROOT VOETE EN GROOT KOP MET JOU PT-BROEK WAT AMPER OP JOU ENKELS HANG, WAT NET ORALS WOU SAAMGAAN. BOETA WEET JY IS NOU BY JESUS EN JY IS GELUKKIG. EK SIEN JOU EEN VAN DIE DAE, BOET, DAN GAAN ONS WEER ROL DIE BOLLIE.. BAIE LIEF VIR JOU BOL, JY SAL VIR ALTYD IN MY HART WEES.

BOLLIE KIND

JY WAS SOOS MY EIE BOETA. DIS ONWERKLIK EN SEER, MAAR EK WEET JY'S OP JOU GELUKKIGSTE. DANKIE DAT JY BAIE VAN MY BERGE IN MOLSHOPE VERANDER HET, JY WAS MAAR NET TE GOED VIR HIERDIE WÊRELD. EK GAAN VERLANG (DOEN ALREEDS)
EWIG LIEF VIR JOU.
LOLLIES



ARMAND EK SAL NOOIT DIE 1STE DAG VERGEET TOE EK JOU ONTMOET HET TOE EK VIR BIANCA GAAN KUIER HET VIR DIE EERSTE KEER. JOU HANDDRUK WAT EK VAN JOU AF GEKRY HET WAS SO OPREG GEWEES. EN DAAR HET EK GEWEET JY IS 'N MENSE-MENS. JY IS OPREG. AS EK GEBRAAI HET, HET JY ALTYD BY MY KOM STAAN EN SEKER GEMAAK DAT EK OKAY IS. EN AS ONS GAAN GOLF SPEEL HET HOE JY MY ALTYD GEHELP HET. EN AS EK AAN JAAG EN WIL OPGEE DAN SÊ JY ALTYD NEE MAN DIE VOLGENDE 1 SAL JY REG KRY. JY HET SO VINNIG IN MY HART GEKRUIP. EN IN DIE KORT TYD WAT JY DEEL VAN MY LEWE WAS HET EK REGTIG BAIE LIEF VIR JOU GERAAK EN JY WAS SOOS 'N KLEIN BOET VIR MY GEWEES.

EN EK SAL SEKER MAAK DAT WANNEER EK EN BIANCA EENDAG KINDERS HET SAL EK HULLE VAN HULLE ONGELOOFLIK OOM VERTEL. JY SAL ALTYD DEEL VAN ONS LEWE WEES. JY SAL ALTYD 'N ERE PLEK IN ONS HUIS HÊ. EN JY SAL ALTYD IN MY HART WEES. EK SAL JOU NOOIT VERGEET NIE! EK GAAN JOU BAIE MIS! EN EK WEET WAAR JY NOU IS IS JY GELUKKIG EN EK WEET JY KYK UIT VIR ONS! EK SÊ NIE TOTSIENS NIE EK SÊ TOTDAT ONS MEKAAR WEER SIEN! LIEFDE ARNO
P.S : STOPPIT





LIEWE ARMAND

VIR 'N KORT TYDJIE HET JY ONS LEWENS GEVUL MET VREUGDE, NEDERIGHEID EN LEWENSLUS. DIS MET DIEPE HARTSEER WAT ONS VANDAG VAN JOU AFSEID NEEM, MAAR WEET DAT ONS HEMELSE VADER 'N

GROTER OPDRAG VIR JOU HET IN SY
KONINGKRYK. RUS SAG ARMAND!!!

OOM PIETER EN TANNIE ANSA

EK SAL BOLLA ONTHOU WORD VIR SY LIEFDEVOLHEID, SY SAGTE OMGEEHART, SY VRIENDELIKHEID, SY GOEIE MANIERE EN SY MOOI GLIMLAG. EN DAT HY 'N ALTYD 'N GALANTE HEER WAS. HY HET NIEMAND ONAANGERAAK GELAAT WAT SY PAD GEKRUIS HET.

OOM THEUNS ZIMMERMAN

ARMAND (BOLLA), DIT WAS VIR ONS N VOORREG OM JOU TE MAG KEN. MET JOU VRIENDELIKHEID, HUMOR EN BORRELENDE PERSOONLIKHEID KON JY ENIGE PERSOON EN SITUASIE OPHELDER. ONS SAL ALTYD MET LIEFDE EN DEERNIS TERUGDINK AAN 'N JONG MAN WAT WERKLIK IN WESE EN IN DAAD LIEFDE UITGESTRAAL HET. ONS DANK DIE HERE VIR JOU GOUE HART EN ONSKATBARE TALENTE WAT JY MET ALMAL OM JOU GEDEEL HET. JY GAAN SO GEMIS WORD. RUS SAG BY JESUS BOLLA, ONS IS LIEF VIR JOU.

TOT ONS MEKAAR WEER SIEN XX

TANNIE ANNE-MARIE EN ZELLA

ARMAND, YOU WILL ALWAYS BE REMEMBERED AND IN THE HEARTS OF FAMILY AND FRIENDS. YOU WOULD HAVE ACHIEVED GREAT THINGS IN LIFE BUT GOD HAD BIGGER PLANS, HE WANTED YOU BY HIS SIDE. WITH OUR ETERNAL LOVE. JOHAN, GEORGI & EVA

BOEDA, MY VRIEND ONS GROET JOU VANDAG MET GROOT SEER. DIS MOEILIK OM IEMAND SO NA ALMAL NET SO TE GROET. JY WAS ALTYD DIE VRIENDELIKSTE IN DIE OMTREK EN HET NET GEWEET HOE OM N MENS TE MAAK LAG. JY WAS SULKE GOEIE VOORBEELD VAN HOE N MENS DEUR DIE LEWE MOET GAAN EN DIS MET N GLIMLAG. JY HET OOK ALTYD NET DIE REGTE SÊ GOED GEHAD OM N MENS TE LAAT LA G. MY MAAT EK GROET JOU VANDAG MET DIE WETE JY IS OP N BETER PLEK EN DAT ONS MEKAAR EENDAG WEER SAL SIEN.

"IN LIFE, WE LOVED YOU DEARLY, IN DEATH WE LOVE YOU STILL. IN OUR HEARTS YOU HOLD A PLACE, NO ONE ELSE WILL EVER FILL."

WHEN GREAT TREES FALL, ROCKS ON DISTANT HILLS HUDDER,
LIONS HUNKER DOWN IN TALL GRASSES, AND EVEN ELEPHANTS LUMBER AFTER SAFETY.
WHEN GREAT TREES FALL IN FORESTS, SMALL THINGS RECOIL INTO SILENCE,
THEIR SENSES ERODED BEYOND FEAR

WHEN GREAT SOULS DIE, THE AIR AROUND US BECOMES LIGHT, RARE, STERILE. WE BREATHE, BRIEFLY.
OUR EYES, BRIEFLY, SEE WITH A HURTFUL CLARITY. OUR MEMORY, SUDDENLY SHARPENED,
EXAMINES, GNAWS ON KIND WORDS UNSAID, PROMISED WALKS NEVER TAKEN.
GREAT SOULS DIE AND OUR REALITY, BOUND TO THEM, TAKES LEAVE OF US. OUR SOULS,
DEPENDENT UPON THEIR NURTURE, NOW SHRINK, WIZENED.

OUR MINDS, FORMED AND INFORMED BY THEIR RADIANCE, FALL AWAY.
WE ARE NOT SO MUCH MADDENED AS REDUCED TO THE UNUTTERABLE IGNORANCE OF DARK, COLD CAVES.
AND WHEN GREAT SOULS DIE, AFTER A PERIOD PEACE BLOOMS, SLOWLY AND ALWAYS
IRREGULARLY. SPACES FILL WITH A KIND OF SOOTHING ELECTRIC VIBRATION.
OUR SENSES, RESTORED, NEVER TO BE THE SAME, WHISPER TO US.

THEY EXISTED. THEY EXISTED.
WE CAN BE. BE AND BE BETTER.
FOR THEY EXISTED.

– *Maya Angelou*



Bedankings:

Anne-Marie, Theuns, Jo-anne en res van die Zimmermann familie. Anne-marie en Jo-anne baie baie dankie vir al die kos, eetgoed, koeldrank wat julle elke dag by ons huis aanbring, ook vir vandag se eetgoedjies. Theuns, vir alles wat jy vir ons doen en beteken. Vir alles wat jy in wellington namens ons behartig het. Ons sal nooit genoeg kan dankie se nie

Diana, baie dankie vir die pragtige blomme, die inloer by die huis en wat jy vandag vir ons doen.

Rudi en Jana julle het soveel van ons skouers afgehaal, baie baie dankie

'N groot dankie ook aan:

Juandre en Colleen

Magda en Carle

Christo en Arno

John en Herina

Pastoor Flip

Die Kerk- gebou wat ons kan gebruik

Dankie vir al die kos, blomme, besoeke, boodskappe, oproepe en gebede.

Dit was oorweldigend gewees en ons as familie waardeur dit uit die diepte van ons harte
